

19 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 15
Fokusgedeelte: Numeri 15:22-41

Wees heilig omdat jou God heilig is

Afgode is niks meer as menslike gedagtes nie. Ons Here God styg egter bo die mens se denke en dade uit. Hy is die totaal Andere. Hy is heilig, sonder sonde en ongeregtigheid. Daar is geen duisternis in Hom nie, sê Jakobus. Daarom wil hy dat sy kinders ook heilig dink en lewe.

In die gedeelte waarop ons vandag fokus, sien ons dat die Here wel onopsetlike sondes vergewe wanneer die voorgeskrewe soenoffer gebring word. Opsetlike sondes word egter nie vergewe nie, want die Here is met voorbedagte rade geminag en verneder. Dit geld vir sowel die hele gemeente (vs 22-26) as vir 'n individu (vs 27-31). 'n Konkrete voorbeeld word genoem: 'n Man wat moedswillig op 'n Sabbat hout bymekaar gaan maak het, is op bevel van die Here buite die laer gestenig.

Ons moet dit altyd aangaande die Here onthou. Voor ons praat en voor ons doen, moet ons vra: Here, wat wil U hê moet ek doen? Op God se bevel het die Jode vier blou klossies aan die vier hoeke van hul oorkleed gedra. Dit het hulle aan God se gebooië herinner.

Die Heilige Gees herinner ons aan die wil van God. Bid daarom vir 'n rein gewete.

Goddank daar is net een sonde waarvoor die Vader in Christus nie vergifnis skenk nie: die sonde teen die Heilige Gees. Wie die Gees weerstaan, kom nie tot inkeer en bekering nie en kan daarom nie vergifnis ontvang nie.

Sing: Skrifberyming 38:3 (melodie Ps 18) Dr NP Heystek (Wapadrant)